
**PIERIES GEE OM KOS PROJEK**

Elke klas pak hulle eie boks kos vir 'n gesin in die skool. Inhoud per bok: Pasta, rys, mieliemeel, ontbytpap, suiker, tee, koffie, melk, 3 blikkies kos, soppoeier , kookolie, seep en tandepaste.

Bring skenkings en kos vanaf 6 tot 23 April.



**VOEDING!!**

Die behoefte vir voeding raak al hoe groter. Dankie aan diegene wat alreeds hulp aangebied het.

Ons voedingsprojek is in drie dele verdeel.

1.**Toebroodjies:** Enige ekstra broodjies vir pouses sal waardeer word. Stuur dit asseblief na Me. Van Rooyen se klas. Ons vra GROOT ASSEBLIEF ondersteun die projek en stuur 'n pakkie toebroodjies.

2.**Neem 'n gesin aan**: Met hierdie projek vra ons vir 'n skenking weekliks op Dins- en Donderdae van 1x brood; 1x ½ dosyn eiers en 2L melk. Hierdie kan in die personeelkombuis afgelewer word. (Sien skeurstrokie).

**3. Skenking van kos vir die voedingskombuis:**

Gr. RR en R: Enige stysel; rys, pap, meel, pasta, ens.

Gr. 1 en 2: Enige vleiserigheid; tuna, visblikkies, soya maalvleis, ens.

Gr. 3 en 4: Blikkieskos; groentes, bone

Gr. 5: Tee, koffie, sop, suiker, ens.

Gr. 6: Seep, tandepaste, ens.

Gr. 7: Enige vars produkte; melk, brood, groente, vrugte, ens.

Bogenoemde is riglyne, ouers kan eg-ter na goed denke bydra soos u wil.

Kom ons wees omgee Pieries met omgee harte. Alle hulp word waardeer.

---

**AFSKEURSTROKIE VOEDING O/B 10/2021**

**NEEM 'N GESIN AAN**

Ek, ______________________________________ is bereid om vir die jaar 'n gesin aan te neem en die nodige voorraad by die skool af te lewer.

KONTAKNOMMER : ____________________________

www.laerskoolpierneef.co.za

# LAERSKOOL PIERNEEF

Pierneefstraat 940, Villieria, 0186 • Posbus 26042, Gezina, 0031 • ☎ (012) 329-2369 • 🖹 (012) 329-2383

STAAN VAS

## Omsendbrief 10/2021
## 19 April 2021

**SENIORKOOR**

Die koor oefen elke Woensdag 14:00 tot 15:00. Leerders van beide groepe 1 en 2 oefen. COVID-19 protokol sal streng toegepas word.



**JUNIORKOOR**

Juf. Corli herinner die Junior koorlede om so gou as moontlik hul briefies by haar in te handig.

**RUGBY-OEFENING**

Rugbyoefeninge vir die o/9, o/10, o/11, o/12 en o/13 seuns gaan hierdie week voort soos verlede week. Maandag, Dinsdag, Woensdag en Donderdag vanaf 14:00 - 15:00. Onthou dat die seuns slegs oefen op die dae wanneer hulle by die skool is (volgens hulle groepe).



**BULLETJIERUGBY**

Bulletjie ouers,

onthou asseblief jul R300 affiliasie geld. Dit kan kontant betaal word by Marelize of in die onderstaande bankrekening:

**Pieries Bulletjies**

FNB Tjek

Tak: 251545

Rek No: 62895491779

Verwysing: Leerder se naam en van

Dankie

Louis Meyer / Danie du Plooy



**TOTSIENS**

Me. Anschel Pieterson, Pieries se omgee tannie, verlaat ons einde van hierdie kwartaal. Ons wil vir haar baie dankie sê vir die groot taak wat sy hier by die skool verrig het.

Volgende kwartaal begin Me. Danielle van Rooyen as ons nuwe omgee tannie.

Die skool sluit **Donderdag 22 April om 10:00 vir Groep 2** leerders en **Vrydag 23 April om 10:00 vir Groep 1** ter wille van ouers met vakansiereëlings.

Weens sagteware probleme wat die Distrik ondervind met die SA-SAMS stelsel sal skole nie rapporte kan uitgee nie. Ons vertrou dat die rapporte vroeg volgende kwartaal beskikbaar sal wees.



# Mei 2021

| Sunday | Monday | Tuesday | Wednes-day | Thursday | Friday | Saturday |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | 1 |
| 2 | 3 Groep 1 Maandag Rooster | 4 Groep 2 Maandag Rooster | 5 Groep 1 Dinsdag Rooster | 6 Groep 2 Dinsdag Rooster | 7 Groep 1 Woensdag Rooster | 8 |
| 9 | 10 Groep 2 Woensdag Rooster | 11 Groep 1 Donderdag Rooster | 12 Groep 2 Donderdag Rooster | 13 Groep 1 Vrydag Rooster | 14 Groep 2 Vrydag Rooster | 15 |
| 16 | 17 Groep 1 Maandag Rooster | 18 Groep 2 Maandag Rooster | 19 Groep 1 Dinsdag Rooster | 20 Groep 2 Dinsdag Rooster | 21 Groep 1 Woensdag Rooster | 22 |
| 23 | 24 Groep 2 Woensdag Rooster | 25 Groep 1 Donderdag Rooster | 26 Groep 2 Donderdag Rooster | 27 Groep 1 Vrydag Rooster | 28 Groep 2 Vrydag Rooster | 29 |
| 30 | 31 Groep 1 Maandag Rooster | | | | | |

# Graad 7 Fondsinsameling




Die bestellings vir die advokadopere sluit vandag.
Indien daar nog enige ouers is wat avokadopere wil bestel, stuur 'n "whatsapp" boodskap aan Inge (082 923 5662).




**NETBAL (FIKSHEIDS-PROGRAM)**
Oefening sal gedurende die week plaasvind vanaf 14:00 tot 15:00 op die net-balbane. Slegs die groep leerders wat daardie betrokke dag by die skool is moet oefen.

